## *Week 6: Leef deur die Gees (Geesvervulde lewe)*

***12 – 18 Mei***

1. Mens tot mens: Dit is die week voor Pinkstersondag. Ons vier dit dat die Here ons nie as weeskinders in die wêreld gelaat het nie, maar sy Gees gestuur het om by ons te wees. Deel met mekaar eie ervarings van hoe die Heilige Gees by jou is. Ervaar julle die werk van die Gees in julle kleingroep en hoe ervaar julle die werk van die Gees in die gemeente?

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

2. Mens tot God. Hoe gaan ons God in hierdie week loof vir die geskenk van sy Gees aan sy kerk? Bid dat die Here ons sal help om deel te word van die Gees se sending na die wêreld. Dank Hom dat ons, soos die apostels destyds, ook die Gees kon ontvang.

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   Lees **Ps 34:9 – 11** hardop voor:

   Kom ondervind en sien self dat die Here goed is!
   Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.
   Julle wat aan die Here behoort, dien Hom!
   Wie Hom dien, het geen gebrek nie.
   Selfs leeus ly gebrek en kry honger,
   maar wie die Here se hulp vra,
   kom niks kort van al die goeie dinge nie.

3. God tot mens: Bid nou dat die Here die Woord sal oopmaak en dat Hy helder met elkeen sal praat, nie net deur die Skrif nie, maar ook deur die mense rondom ons wat saam luister na sy stem.

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

4. Lees Joh 14:15 – 19. Wat tref julle van hierdie teksgedeelte? ’n Mens kan maklik in ’n gedagte vasval dat die Gees dalk ’n krag is, maar Hy is ’n Persoon.

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

   ______________________________________________________________

5.1 Die Gees word hier met die woord "Voorspraak" beskryf. Dit beteken dat Hy Iemand is wat namens my praat. Iemand soos 'n advokaat. Hoe doen die Heilige Gees dit vir ons? Wat sê hierdie Naam van die Gees vir jou oor die teenwoordigheid van die Gees in jou lewe?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

5.2 Op watter maniere help die Heilige Gees dat ons nie as weeskinders agtergelaat word nie?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

5.3 Die Gees is die Gees van die waarheid. Hoe maak Hy God se waarheid aan ons bekend?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

5.4 Wat kan dit vir ons beteken dat die Gees altyd hier by ons is? Wat beteken God se volgehoue teenwoordigheid by ons in terme van ons uitleef van die geestelike dissiplines en hoe ons in ons verhouding met God gebou word?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

6. Waarvoor sal ons bid?

6.1 vir die gemeente? ______________________________________________

______________________________________________________________________

6.2 vir die wêreld/gemeenskap? _______________________________________

______________________________________________________________________

6.3 vir mekaar? ___________________________________________________

______________________________________________________________________

7. Wat gaan ons nou doen? Hoe kan ons ander mense meer bewus maak van die teenwoordigheid van die Heilige Gees in hulle lewe?